NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

2 Desember 2018

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. Advent 1. **1 Pet 1:3-9.** *Hoop en lewe of lewe en hoop*?
2. **Belydenis van geloof:** Zioné Oosthuizen.
3. **Bevestiging van kerkraad:** André Combrinck en Chris Naudé.
4. **Welkom nuwe lidmate.** Meld na die erediens by die diensspan by die kombuistoonbank aan.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Kalender 2019:** Die kalenders is op die tafel in die portaal beskikbaar. Lidmate teken daarvoor op die alfabetiese lys. Dit kan by die kerkkantoor vir 'n groter een omgeruil word.
2. **TUC Lesotho- uitreik:** Die volgende uitreik is van 5 tot 9 Desember. Bybels gaan versprei word en die Kersboodskap sal aangebied word. Enige Kersfeesliggies wat nie meer gebruik word is baie welkom asook lekkergoed vir die kinders. Kontak asb vir Frikkie van Wyk (084 609 3460).
3. **Verlofreëlings:** Die kerkkantoor sluit vanaf 21 Des tot 4 Jan. Oproepe na die kerkkantoor se telefoonnommer word herlei word na iemand wat aan krisissituasies aandag sal gee. Gebruik dit asseblief met oorleg. Di Servaas en Rian is met verlof vanaf 14 Des – 30 Desember.
4. **Program vir die volgende weke**

9 Des	Ds Servaas de Kock.
16 Des	Dr Johan Pieters.
23 Des	Dr Louis Dressel.
25 Des	Dr Louis Dressel. Kersfees. ONTHOU asb die diens begin om **08:00.**
30 Des	Dr Louis Dressel.
31 Des	Ds Servaas de Kock. Jaareinde-diens om **19:00**.

GEBEDSBEDIENING

'n **Whats App-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: of SMS aan 082 570 4309. **Gebedskandelare** teen die muur langs die groot ingangsdeur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of assebliefkers* wil opsteek.

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 706 4823), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Casper en Beth Spies** (011 787 2109), **Josephine Walters-Verrynne** (083 483 9132), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).

2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **Leon en Pollie Mereis** (082 342 0489) se kleindogter **Mignon** (16 jr) ondergaan steeds baie intensiewe chemoterapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** (39) reageer baie goed op chemoterapie.
   - **Ena Liebenberg** (083 767 2130) se seun ontvang intensiewe chemoterapie.
   - **Leandi Greeff** (083 383 7351) herstel na 'n heupvervanging.
   - **Johan en Elize Kemp** (082 700 8896) se dogter *Michelle* (sy woon in Engeland) herstel van ernstige oogbeserings na 'n ongeluk. Elize is tans daar om haar te ondersteun.
   - **Albert van Wyk** (083 375 6789) en **Bennie Spies** (082 941 8465) herstel na hospitalisasie en behandeling.
   - **Connie Nel** (011 791 6700) het verswak en word tuis versorg.
   - **Erica Swart** (082 756 8434) herstel van 'n knie vervanging.

DANKBAARHEIDSMAAND 2018

MAAR WIE IS EK TOG, EN WIE IS MY VOLK, DAT ONS ENIGIETS VIR U KAN GEE? ALLES WAT ONS HET, KOM VAN U AF, EN ONS GEE VIR U NET DIT WAT U REEDS VIR ONS GEGEE HET. (1 KRON 29:14)

God se kinders in Randburg gebruik November as tyd om rekenskap te gee oor God se spesifieke seëninge in die afgelope jaar. **Dit vra hoe ons werk met die besittings wat die Here vir ons gee om te gebruik.** Dié dankie sê-offer gee aan elkeen kans om 'n spesiale offer *"uit die hart"* te bring ⋯ 'n "*offer*" wat ons self graag sou wou hê maar in dankbaarheid vir God sal "*weggee*" ⋯ sodat Sy werk in Randburg kan voortgaan.

2018 se offer verseker dat Randburg voetspore van Sy liefde in Sy wêreld kan bly trap. Sy drome vir Sy kerk is groot ... groter as die somme wat ons maak. Gaan bid daaroor en bring vanjaar na vermoë 'n offer van dank in eerlike oortuiging! Die offer kan op verskillende maniere gegee word – met einde November as teikendatum.

Maleagi 3:10 se belofte: "*... toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek vir julle nie baie meer as wat julle kan gebruik sal gee nie*."

ONS ERKEN MET GROOT DANKBAARHEID AL DIE OFFERS WAT REEDS ONTVANG IS! HIERDIE WEEK VRA 'N LAASTE POGING!

VERJAARSDAGWENSE … VIR ALMAL IN DIE VAKANSIETYD

02/12 Carmen Beneke
05/12 Sanmarié de Kock
06/12 Helen Crous, Marius Delport, Kobie du Toit, Zoë Greeff, Rina Vogel
07/12 Delia Crafford
09/12 Louw Botha, André Verrynne
10/12 Neels Dannhauser, Johan van der Westhuizen
11/12 Christa Burger, Marié Casey, Rachel Strauss, Danie Theron
12/12 Hilda Jonker
13/12 Carli de Wet, Lea de Wet, Eugene Greeff, Albert Liebenberg
14/12 Annelie Bull, Noreen Koster, Jo-Ann Nel
15/12 Hein de Kock, Barry Kemp, Ruben Lotriet, Leandri Theron
17/12 Kosie Loots, Hennie Scholtz
19/12 Aiden Crous
20/12 Ryno Bezuidenhout, Eskal Burger, Babs Coetzee
22/12 Carina Kapp, Fanie Nel, Tanya Volschenk
23/12 Paul Benade, Tertia Klopper
27/12 Arnu Lombaard, MW Moll, Blackie Swartz
28/12 Marius Wolmarans
29/12 Danie Cous, Marilyn van der Walt
30/12 Anton Alberts
31/12 Marietjie Erasmus
01/01 Johan Moolman
02/01 Erik Breedt, Hein Koortz
03/01 MJ du Preez, Wilsie Duvenhage
04/01 Julian Drake, Marlize Oosthuizen, Louisa Potgieter, Kyan van der Merwe
Joan Verhoog, Christine Wienekus
05/01 Quryn Langedyk, Daniel Oosthuizen

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za tuisblad.

SNUFFELGIDS

1. **Beskikbaar:** Ek sal graag jou troeteldiere versorg vir die vakansie. Beskikbaar in Randburg en Northcliff area tot einde Desember. Kontak 083 617 8484 vir navrae.
2. **Aventeco Bejaardesorg** in Weslaan 376, Ferndale het 4 beddens vir hoë sorg persone beskikbaar. Kontak Matrone Rachel – 079 272 4651.

DIE KERKJAAR – ADVENT

Advent begin op die vierde Sondag voor Kersfees en duur tot en met Oukersaand. Advent is deel van die Kers- siklus en ook die begin van die Kerkjaar. Die begin met hoop en afwagting tydens Advent en loop uit op vreugde met Kersfees en sluit af met Epifanie. *Advent is 'n tyd van verwagting en voorbereiding op Christus se koms.* Die woord Kers-siklus Advent is afgelei van die Latynse woord *adventus wat "koms" beteken*. Dit is 'n tyd van herinnering aan die beloftes van God oor die Messias wat sou kom, maar ook 'n tyd van verwagting van Jesus se wederkoms. *Gedurende hierdie tyd vier ons God se ingryping in die geskiedenis deur die geboorte van Christus.* Ons vertrou dat God dit wat begin is met Christus se eerste koms, sal voltooi met Christus se wederkoms. *Advent* fokus op die feit dat ons tussen die tye van Christus se eerste koms en Sy wederkoms leef en dit behoort ons leefwyse te bepaal. Dit is *'n tyd van afwagting en verwagting, maar ook 'n tyd om aktief God se liefde in die wêreld uit te leef.*

Die *tradisionele kleure* wat in Advent gebruik word is *koningsblou, wit* en *goud*.. Dit is *koninklike kleure* en verwys na die *majesteit van die Seun van God*. Tradisioneel het die 4 weke temas: Die *eerste week se tema* is *verwagting/hoop.* 'n Tyd van hoop waar ons herinner word dat die pyn, seer en swaarkry wat ons nou beleef aan die verbygaan is. Christus het gekom en sal weer kom. Die *tweede week se tema* is *vrede.* Die engele het Jesus se koms aangekondig met die lied "Vrede op Aarde". Ons beleef Jesus se vrede en deel dit met elkeen wat op ons pad verskyn. Die *derde week se tema* is *vreugde.* Ons dink in die eerste plek aan die vreugde wat ons kan beleef omdat Jesus gebore is en tweedens dink ons ook na oor watter dinge vir God vol vreugde maak. Vreugde is nie omstandigheidsgebonde nie en laat 'n lig in die donkerste nag skyn. Die *vierde week se tema* is *liefde.* God se koninkryk van liefde het gekom, maar is nog nie 'n voltooide realiteit nie. Ons moet ander vertel wat Kersfees vir ons beteken. In die tweede plek moet ons vir die wat swaarkry, gee. *Die liefde van Jesus dring ons om vir ander te gee in 'n hedendaagse Kerstyd waarin mense net wil ontvang.*

Die voorbereiding en wagtyd is verby. Kersdag vorm die hoogtepunt en afsluiting van Advent. *Jesus, die Lig vir die wêreld is nou vir altyd by ons en die wete dring ons om self ook ons lig in die wêreld te laat skyn.*